



DIE WAPAD

STUDENTEBLAD
van die
P.U. vir C.H.O.

DEEL XII.

Dinsdag 25 Junie 1957.

Nr. 10.

A.S.B. beweeg op nuwe terrein.

**BRIG. R. C. HIEMSTRA PRAAT OOR
„DIE AFRIKANER EN DIE WEERMAG”.**

Te midde van eksamens en toetse het 'n groot en waarderende gehoor op Donderdag, 13 Junie geluister na 'n buitengewone onderwerp gelewer deur 'n militaris in die persoon van Brig. Hiemstra, Adjudant-Generaal van die Generale Staf.

Die spreker wat reeds by geleentheid van 'n geloftedagviering kwaai geroskam is oor sekere uitlatings van patriotistiese aard, het verkies om in private hoedanigheid te praat.

Die spreker het aangetoon watter verhouding daar tussen die volk en die weermag moet wees en wat die wese en aard van laasgenoemde is. Watter bestaansreg het so'n mag en wat is ons as Afrikaners se taak? Ten slotte het hy ook gewys op die krag van die geloof.

BELANGSTELLING:

In die jongste tyd is daar 'n toeneemende belangstelling in die Weermag by die Afrikaner, nie net as gevolg van bewindsverandering nie, maar weens die instinkiewe drang na selfbehoud. Omdat geweld vir die Russe die norm geword het, lewe die volke in vrees vir vernietiging. Hierom moet ons as Afrikaners tot duidelikheid kom t.o.v. ons taak in die verdediging van ons land. Aangesien die volk die taak van die weermag stel, moet dit deur die vertroue van die volk gedra word.

BESTAANSREG:

Watter bestaansreg het so'n mag, wanneer dit jaarliks tussen twintig en vyf-en-twintigmiljoen pond opeis uit die staatskis? Die antwoord lê in die Militêre-Politieke toestand van die wêreld vandag. In Wes-Europa bly die hereniging van Duitsland 'n bron van onrus, soos die Poolse Corridor in 1939. In die Midde-Ooste lê die belang in die olie-pyplyn. Omdat net een van die partye dit sal kan gebruik, bly hierdie streek 'n militêre lugleegte, alleen 'n vredetydse probleem wat geskik is vir die „Koue oorlog”-metode van die Russe. In die Verre-Ooste en Suid-Oos Asië waar die blanke feitlik uitgedryf is, sal 'n Kleurling-blok ontstaan met min of geen wêreldambisie.

KERNWAPENS:

Ten tweede is die militêre-tegniese ontwikkelings van deurslaggewende belang vir die behoud van vrede. Bismarck se gesegde dat „die laaste redmiddel van 'n politikus is om sy wil deur te voer, oorlog is,” geld vandag nie meer nie. Daarom is die H-bom die grootste seëning vir die mensdom na Christus. Aangesien die wedloop

ne afsienbare tyd altans, maar indien dit deur misverstand ontstaan, sal dit weens die kernwapens baie kort van duur wees. Gevolglik is 'n bedreiging van Suid-Afrika deur Rusland gering omdat dit Wes-Europa ten alle koste sal moet oorrompel om Amerika tot onderhandeling te dwing.

SUID-AFRIKA ONBENULLIG:

Suid-Afrika se bydrae tot so'n oorlog sal slegs onbenullig wees. As dit enigsins 'n verskil aan die uitslag sou gemaak het, sou die V.S.A. ons al



Brig. Hiemstra aan die woord.

„Die Wapad” moet o.a. 'n kanaal wees vir die lewer van gesonde kritiek op ons studentelewe en daarom moet „Die Wapad” so vry moontlik wees.

➡ Lees die artikel op bls. 4 en 5

met Rusland vir die beste wapens baie geld verbruik, kan die kleinere lande nie meer meedoen nie. 'n Integrasie van wêreld-weermag moet dus nie uit die oog verloor word nie.

Hierdie bedreigings laat ons voor die vraag in hoeverre ons moet meedoen. Terwyl Rusland steun op 'n getaloorwig in 'n konvensionele oorlog, kan die V.S.A. nie toestem tot die onthouding van kernwapens nie. 'n Wêreldoorlog is onwaarskynlik, bin-

lankal genader het. Omdat ons met die Weste staan of val, kan ons egter nie afsydig staan nie. Tog het dit geen nut om 'n landmag-bydrae te maak nie. So iets sal ons kleurvraagstuk nog veel erger maak, terwyl ons mannekrag tevergeefs uitgeput word; dan liever 'n lugmag-bydrae.

EIE KARAKTER EN TAAK:

Wanneer ons dink dat daar tans vir die eerste keer sedert die laaste Zoe-

loe-oorlog weer gevaar bestaan in Mau-Mau-opstande, is ons taak baie duidelik die handhawing van die Blanke in Afrika suid van die Sahara. Die res kan die V.S.A. op sy rekening neem.

Die wese en karakter van die weermag is deur dr. Malan as volg getipeer: „Quo vadis?—Gaan terug na die volk, na die pand wat aan ons toevertrou is”. Uit die volksgeskiedenis blyk waarom die Afrikaner vervreemd geraak het van die verdedigingsmag. Terwyl daar egter nou 'n verandering te bespeur is, laat ons die ander seksie se gevoelens ook in ag neem.

Die weermag moet veel meer wees as 'n verdedigingsmasjien: dit moet vaderlandsliefde versimboliseer, dit moet voortbou op huislike opvoeding en skoolopleiding, maar hiervoor is die regte leiers met 'n begrip van regte burgerskap nodig.

Die krag van die geloof moet nie onderskat word nie. Ons moenie vergeet dat Kommunisme ook 'n geloof is waarvoor mense bereid is om te sterwe. Die vlag van Generaal De Wet met die woorde „De Here is mijn Banier” geborduur, dien vir ons tot voorbeeld.

PRESIDENT CAFEand
GRAND CAFE

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS
- and
- COOLDRINKS

A. T. LUKE & KIE.
A P T E E K

ook

- GRAMMOFOONPLATE
- Gewone- en
Langspeelplate.

ARCADIA

Dames- en Mans-

HAARKAPPERSVIER GEKWALIFISEERDE
HAARKAPPERS TOT U DIENS.„Netheid en Kwaliteitswerk”
is ons leuse.Rokersbenodigdhede en
Fantasiegoedere**DIE BULT
SKAATSBAAN**„PUKKE ondersteun ons vir
AANGENAME**ONTSPANNING”**

Oop vanaf 7.30 in die aand

**J. P. van der WALT
APTEEK**

Kerkstraat 161 — Potchefstroom

„ONDERSTEUN 'N OUD-
P. U. KANER!”Ek voorsien ALLES wat van
'n APTEEK verlang word.**WESTVAAL**

Studente !!!

VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA**WESTVAAL****INGRAM SE
BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte
- en
- Spiritualieë

**TURKSTRA
BAKKERY**

(Edms.) Bpk.

Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .

- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . .

J. TOD SUTTIE.
Komplete**Mansuistrusters**Vir al u KLERASIE en ander
benodigdhede.Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM**JAY'S GARAGE**

(K. NODEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERs,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-
IMPELEMENTE, ens.

LOOCK & KEENEY**Kleremakers**

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT****SHERR & SHAKINOVSKY**
POTCH. MINERAL WATER
FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

**MOOIRIVIER-
APTEEK**

Kerkstraat 205,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380

Die Aptek vir Diens!!**KOM SIEN ONS—**
vir al u

- Fotografiese
- en
- Aptekersbenodigdhede.

GEEN & VELLEMAN

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

*Die Wapad*

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Dinsdag 25 Junie 1957.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willems; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnr. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

'n Terugblik en Oproep

Ons staan aan die einde van die eerste semester en kyk terug op die skof wat afgelê is—sommiges met 'n gevoel van berou oor geleentheid wat miskien nie benut is nie; die meer getroues miskien met 'n gevoel van tevredenheid en dankbaarheid oor die genade wat opnuut aan hulle geskenk is om hulle plig te doen; andere miskien sonder gevoel.

Laat ons egter nie neersit met 'n gevoel van selfvoldaanheid of berou, wat ookal elkeen se besondere geval mag wees nie. Maar laat ons met opgehefde hoofde die dag van vandag en die dag van môre tegemoetgaan, wel wetende dat daar 'n Hoër Hand is wat ons swakke skrede rig.

Hierdie sekerheid roep egter ook tot verantwoording. En waar ons, as studente, die akademiese platform as ons strydperk van eer gekies het, laat ons daarop soos helde veg, sodat ons verroeste swaarde weer blink kan word en ons ook in ons studies ons jong lewens kan wy as 'n lewende en welgevallige offer aan God alleen.

Ons het, as jong Calvinistiese studente, 'n besondere taak. Dit bestaan daarin dat die wetenskap met al die krag en vuur van ons jong harte beoefen moet word, en wel beoefen moet word met al die oortuiging van ons jong geloof in Christus en sy verlossingswerk, ooreenkomstig die „soli Deo gloria”-beginsel.

Hierdie weg is egter nie met rose besaai nie, want ware werke is lyde en dikwels is ons te swak. Gelukkig ontvang ons krag na kruis en word hierdie taak 'n heerlike roeping. Aan ons word dan weereens die geleentheid gegee om in die tweede semester, wat gedurende hierdie vakansie al begin, opnuut skouer aan die wiel te sit. Want hoeveel het ons nie om voor dankbaar te wees nie? Ons werk in die Koninkryk van God is dan ook 'n uiting van ons skamele dankbaarheid wat die Vader in Christus vir ons en sy skepping bewerk het.

J. J. Henning.

Apteker=Pukke.

'n Paar jaar gelede sou hierdie opskrif 'n contradictio in terminis gewees het, omdat daar toe nie met reg van die aptekers an Pukke gepraat sou kon gewees het nie. Toe was die aptekers as 'n onassimileerbare element van die studentemassa beskou en van hulle kant is nie juis pogings aangewend om hierdie opvatting uit die weg te ruim nie.

Diegene wat vandag van 'n „apteker-mob” sou praat, sal deur elke ware Puk kwaai oor die vingers getik word. Want vandag het die aptekers 'n geagte, gewaardeerde en kenmerkende (Vervolg bls. 3 kolom 1 en 2.)

Oordenking

KENNIS EN KENNIS.

I Kor. 8:7b. „Die kennis maak opgeblase”.

Joh. 17:3. „En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus, wat U gestuur het”.

Kennis en kennis is twee verskillende sake. Die twee woorde hierbo so naby aan mekaar geplaas, maak dit baie duidelik. Laat ons 'n bietjie hieroor nadink.

Nog nooit het die menslike denke tot so 'n omvang gekom as vandag nie. Die natuur het oënskynlik geen geheim meer nie. Die mense doen byna wonders.

Kennis is mag, sê hulle vandag.

Al wat nog oorbly is om lewe uit dooie stof te bring wat tot hiertoe alleen God kon doen.

Die evangelie vandag is: kweek by die mensheid—en begin by die jeug—kennis aan. Dit is die weg tot vernuwing van die wêreld. Maak die mense verstandig en die wêreld is gered.

Maar is dit waar?

Het die ervaring ons tot hiertoe geleer dat die kwaad minder word en die mense beter? Die omgekeerde blyk eerder. Kennis is 'n seën ja. Dink ons vandag in sonder aan elektrisiteit.

Maar ons sien hoe die mense lang-samerhand hulle begin verbeel dat hulle alles weet en alles kan doen—dan word mens bang en dink aan Paulus se woorde: „Die kennis maak opgeblase”. Die wêreld het sedelik geensins verbeter nie. Ons kry 'n herhaling van die Babelse toringbou—net in heel moderne hedendaagse trant. Ons kry 'n tweede hemelbestorming.

Ja, by alles wat ons sien, weet, tel en meet, staan ons voor 'n misterie. 'n Wysgeer druk dit so uit: „Die wonderlikste van alles is dat daar tog iets bestaan”. Ons kennis is soos 'n lig wat skyn oor die see van peillose dieptes. Verder as die oppervlakte kan ons nie die diepte en hoogte van die heelal bereik nie.

Is dit dan die einde? Ja . . . en nee! Ja, want hier staan ons op die grens. Nee! Hier ontsluit voor ons oog 'n ander horison. Daar is tweërlei kennis: „Dit is die ewige lewe dat hulle U ken”.

Hiermee kom ons in 'n ander wêreld. Hier word ons soos kinders en hoor met 'n ander oor en 'n ander oog, wat God ons openbaar. Wat wysheid by God is, is dwaasheid by die

mens. Ons moet weer word soos die kinders om die wonder van God se koninkryk te sien.

Die Here gee ons nie 'n ander blik op die dinge nie. Hy redeneer die tydelike dinge ook nie weg nie. Hy ontken ook nie die waarde van die tydelike dinge nie. Wat Hy doen is dit: Hy vernuut, verander ons innerlik. Hy bring ons in aanraking met God self in die wêreld van Sy onsienlike, ewige dinge.

Ons weet dat Christus gekom het en ons die kennis gegee het, dat ons die Waaragtige ken en ons is met Hom, Jesus Christus.

Dit is 'n wins vir ewig: „die ewige lewe”.

So vernuut en toegerus betree ons die wêreld. Nou vra ons die Here soos eenmaal die ou profeet gevra het: mensekind, wat sien jy? Ons sien soos voorheen. En tog anders. Baie dinge het wel hulle waarde vir ons verloor. Ons laat ons ook nie meer verblind nie. Ons weet nou dat dinge wat mense sien net **tydelik** is, maar ons weet ook dat dit wat die mense nie sien nie **ewig** is.

Laat ons in ons kennis dus ook maar die hart en die oog van die kind hê.

As die storms opstyg praat die natuurwetenskaplikes van vermeerdering en vermindering van lugdruk. As die onweer opkom praat hulle van opeenhoping van elektrisiteit in die lug. En vir hulle is alles wel duidelik.

Maar as die storms en onweer kom, hoe is ek dan veilig? Is die mens se kennis al so ver? En as die dood kom? Het die mens al raad met die dood?

Laat ek maar wees soos 'n kind en in die storm en onweer, selfs ook in die dood, my stil onder die ewige, veilige hoede van God, my Vader, en Christus my verlosser.

Ek weet immers dat dit kan en mag gebeur, en dit is vir my genoeg.

W. F. Steenkamp.

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS”!

DAMES!!

Kom koop al u benodigdhede hier op die **BUL** teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe **WINTERVOORRAAD**

CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

Elektriese Benodighede

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee

ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)

geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-DIENS (Aflowering binne agt uur)

word ook vir die gerief van amateur-fotografe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.

(Vervolg van bls. 2.)

plek in die studentelewe ingeneem sonder noemenswaardige prys-gawe van dit waardeur die aptekers nog altyd gekenmerk is: 'n ware „swodgees”. Deurdat die aptekers gewoonlik mense is wat met die praktyk van die lewe kennis gemaak het, kan hulle ontsaglik veel bydra tot die verryking en verdieping van 'n studentelewe wat dikwels dreig om te veroppervlakkig omdat dit groten-deels uit jong en onervare persone bestaan.

Mnr. Coetsee skryf:

Na aanleiding van die besprekings op die jongste massavergadering oor die inleidingsartikel van Die Wapad van 13 Junie, die volgende:

Die definisie en doel van 'n inleidingsartikel sien ondergetekende soos volg: 'n verantwoorde beskouing oor 'n saak wat die lesers daarvan opwek tot 'n opregte belangstelling in en 'n prikkelende nadenke oor die bespreekte onderwerp, wat moet lei tot 'n deegliker kennis daarvan. Gemeet aan hierdie maatstaf kan die artikel as geslaagd beskou word in soverre dit gelei het tot 'n beter kennis van die bespreekte onderwerp. In soverre dit egter 'n deeglik verantwoorde artikel moes wees, skiet dit blykbaar tekort. By voorbaat hiervoor my verskoning.

Hierdie kritiek kom dan op die volgende neer:

(a) Onjuistheid van die voorbeeld genoem in die tweede laaste paragraaf van die artikel.

(b) Twyfel oor die reg van die Hoofredakteur om kritiek op die S.R. uit te oefen in 'n inleidingsartikel van die offisiële studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. sonder om vooraf met die S.R. oorleg te pleeg.

(a) Onjuistheid van die voorbeeld genoem in die tweede laaste paragraaf:

(1) Keuring van die sportspanne: Soos deur die S.R. verduidelik is slegs ondersoek hierna ingestel. Maar selfs die feit dat 'n ondersoek na die aanleentheid ingestel is, kan die gevoel laat ontstaan dat die S.R. nie genoeg vertroue stel in die verantwoordelikheid en bekwaamheid van die lede van die S.S.B. en Besture van die onderhawige klubs nie. (Aan die ander kant behoort die feit dat die S.R. dit nodig

geag het om sodanige ondersoek in te stel, as 'n ernstige vingerwysing deur die betrokke klubs beskou te word.)

(2) Disputeerdery oor Thalia se behoeftes: 'n Aansoek van Thalia om

sentralisasie van verantwoordelikheid. Die hele beleid van die S.R. insake finansies skyn dus met hierdie doelstelling te bots.

(b) Twyfel oor die reg van die

krities nie—vandaar diem waarin die kritiek gestel wou juis aangedui word ernstig gehandel word en ernstigheid gemaak word in

van Hoofartike

Verdere toeligting

geld vir die aankoop van vloedligte, is na hulle terugverwys vir verdere motivering. 'n Bespreking oor die nodigheid en bruikbaarheid daarvan is deur S.R.-lede in onoffisiële hoedanigheid met mnr. Johan Coetsee gevoer en die inligting uit die gesprek verkry is wel by die bespreking van die toekenning van die bedrag te berde gebring. (Hierdie optrede het plaasgevind nadat die saak deur die Bestuur van Thalia deeglik ondersoek en deur A.B.K.K. goedgekeur is—blykbaar sonder dat A.B.K.K. na motivering van die aansoek gevra het.)

(3) Afkeuring van die metodes tot geldinsameling deur die Skaakklub: Inligting deur 'n prominente lid van die Bestuur van die Skaakklub verstrek, het gelei tot hierdie stelling. Tans is dit duidelik dat die bedoeling nie was om die woorde te interpreteer soos dit wel die artikel gedoen is nie.

(4) Seggenskap van die S.R. oor fondse van die Onderliggame: Vir ondergetekende skyn dit wel asof die S.R. 'n te groot seggenskap het oor sodanige gelde—veral waar dit geldinsamelende instansies raak. Een van die doelstellings van reorganisasie was die aanmoediging van eie inisiatief en de-

Hoofredakteur om kritiek op die S.R. uit te oefen in 'n inleidingsartikel van die offisiële studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. sonder vooraf met die S.R. oorleg te pleeg:

(1) Kritiek op die S.R.: Dat die betrokke paragraaf 'n kritiese inslag bevat, wil ondergetekende nie ontken nie. Die gees waarin die kritiek geopen is, is egter nie skerp of oordrewe

stige optrede van die S.R. lig van die voorafgaande uiteens. die vier gevalle, is gevoel die waarskuwing wel van pas

(2) Sonder raadpleging die S.R.: Gesien in die lig van uitspraak, kan ondergetekende hoedat die betrokke para. 'n „aanval” op die S.R. beskoord waaroor 'n colloquium ges

Antwoord van die Voorsitter

Gesonde kritiek—ook in die studentelewe—is van groot belang. Insoverre as die inleidingsartikel van Die Wapad van 13 Junie gesonde kritiek bied, wil ondergetekende dit van harte verwelkom. Hiervoor—en vir die hernude krag en toegewydheid—verdien die Redaksie van Die Wapad sekerlik die gelukwensinge van die studentegemeenskap.

Want dit is allermens die ideaal dat Die Wapad gereduseer moet word tot 'n blote mondstuk van die S.R. Die Wapad moet o.a. ook die geleentheid bied aan ons studente om hulle menings oor sake wat hulle na aan die hart lê, onder aandag van die medestudente te bring. Daarom dan die Briewebus en daarom ook die inleidingsartikel.

DIE WAPAD MOET O.A. 'N KANAAL WEES VIR DIE LEWER VAN GESONDE KRITIEK OP ONS STUDENTELEWE EN DAAROM MOET DIE WAPAD SO VRY MOONTLIK WEES.

Vryheid is egter nie 'n negatiewe begrip nie, maar juis 'n positiewe. Vry wees beteken nie in die eerste plek „vry van” nie, maar „vry tot” en persvryheid beteken nie „vry van alle be-

perkinge” nie, maar „vry om te kritiek en positiewe leiding.

In hierdie lig sien ons die uiteensetting van die Redakteur van Die Wapad oor 'n gees van die betrokke inleidel. Dat die oogmerk met die van hierdie artikel prysenswaardig vir ondergetekende bo alle twyfel. Die verskil kom egter by oorde bereiking van hierdie duiet oor enkele opmerkings:

(a) Onjuistheid van die voorbeelde:

I. Algemeen: Sedert desentralisasie verlede jaar is begin in die rigting van desentralisasie van verantwoordelikheid, werksaans. te beweeg. Ons studentelewe 'n eenheid—en as desentralisasie word, kan van die eenheid oorbly. Sowel die verskil as die eenheid van ons studentelewe tot sy reg kom. Daarom die reorganisasie ook duidelik dat die beleid van meer desentralisasie wegneem dat 'n sentrale geaam steeds sal moet bly, o.a. om te kontrolerend en koördinerend te word.

(1) Kontrolerend: Niemand maak nie, allermens studentelewe en ervaring moet deur 'n proses verwerf word. Foute volg

S.A.N.L.A.M.

Word verteenwoordig deur

Mnr. J. Venter
Dawie du Plessis, Heimat,
Piet Grobler-huis,
Teologiese studente.

Mnr. H. van Rooy
Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

G. H. Juweliers

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige
Horlosiemaker en Juwelier

word nie. Eweneens sou dan vereis kon word dat 'n colloquium gehou moes word met die massa voor die plasing van die inleidingsartikels van Die Wapad van 28 of 2 Mei waar

menging deur die S.R. op gebiede waar hy geen sê het nie, berus in hierdie geval egter nie net op die persoonlike gevoel van ondergetekende of die vier genoemde voorbeelde nie. Dit het

persoonlikheid. Na die ondersoek wat gevolg het op die betrokke artikel, hoop ondergetekende dat sulke persone ook oortuig is van die onraadsaamheid daarvan om „gevoelens” as

van 13 Junie 1957

kritiek op die massa uitgeoefen word.

Hierby sluit aan dat 'n inleidingsartikel noodwendig 'n subjektiewe karakter dra, want almal dink nie eners nie. Indien gevoel word dat die artikels te veel gebruik word vir 'n verhoog vir die verkondiging van eie eenvoudige idees, pleit ondergetekende skuldig, maar kan dit nie veel verhelp nie. **Slotopmerking:** Die suggestie van in-

veel eerder ontstaan deur onopsigtelike waarneming van medestudente en deur gesprekke met skynbaar verantwoordelike lede van die studentegemeenskap, sodat ondergetekende gemeen het sy vinger te hê op die pols van die studentelewe. Dat die persone nie dieselfde mening op 'n massavergadering wou lug nie, getuig van 'n besondere mate van ongevormdheid van menings en

feite te vertolk en dat die S.R. verseker kan wees van die volle samewerking, vertroue en steun van elke lid van die studentegemeenskap.

Met die hoop dat hierdie verduideliking veel helderheid sal bring aan die lesers en die saak in die regte perspektief sal stel,

D. C. Coetsee.

r van die Studenteraad

lik nie uitbly nie. As so 'n fout die welsyn van ons studentelewe raak, is dit die taak van die sentrale gesagsliggaam om pogings aan te wend om dit te laat herstel—of te voorkom.

(2) **Koördinerend:** Eenheidsoptrede is dikwels noodsaaklik. Verder: As bv. £250 onder 5 liggame (met verskillende behoeftes) verdeel moet word, is dit sinloos om aan elkeen £50 te gee. Daarom vra die S.R. verdere besonderhede by begrotings. Die S.R. vra deskundige advies—en vergelyk dan die verskillende gegewens.

II. Besonder:

(1) Keuring van sportspanne: In die inleidingsartikel van 13 Junie word dit as 'n voldonge feit gestel—in bostaande verduideliking meld die Hoofredakteur gelukkig dat dit net 'n ondersoek is. Dit het weinig sin om verder hieroor te wil redeneer of allerhande gevoelens te wil kry, voordat die ondersoek afgehandel is.

(2) Disputeerdery oor Thalia se behoeftes: Ook hierdie saak staan deur die verduideliking in 'n ander lig as in die artikel van 13 Junie. Die S.R. het deskundige advies gevra—omdat die aansoek van Thalia ongemotiveerd was. I.p.v. om hulleself as deskundiges te wil voordoen, en self oor die noodsaaklikheid van vloedligte te disputeer, het die S.R. Thalia vir deskundige ad-

viess genader en na ontvangs hiervan binne enkele minute die aansoek eenparig toegestaan.

(3) Afkeuring van metodes tot geldinsameling deur die Skaakklub: Weereens die ander lig. Trouens, hierdie saak was nog nooit voor die S.R. nie—en hoe dit dan die S.R. teen die hoof gelsing kan word, weet ondergetekende ongelukkig nie.

(4) Te groot seggenskap van die S.R. oor fondse van die onderliggame: Ongelukkig is die aanklag, ook in die verduideliking, nie konkreet gestel nie. Sover dit voorbeeld (2) raak, is dit seker afgehandel. Wat die algemene beleid betref, verwys ons u na wat hierbo onder (a) I (1) gesê is.

III. Konklusie:

Dit wil dus voorkom asof die 4 „voorbeelde” van die artikel van 13 Junie—so sag moontlik gestel—nie baie gelukkig gekies is nie. Dit het weinig waarde om „deur onopsigtelike waarneming van medestudente en deur gesprekke met skynbaar verantwoordelike lede van die studentegemeenskap” die „vinger te hê op die pols van die studentegemeenskap” en die waarheid verlore te laat gaan. Want dit is een van die belangrike beperkings op persvryheid: om vòòr jy die pen opneem, jou gegewens deeglik te toets, veral as die joernalis-nuushond wil dat sy skrywe moet lei tot „'n opregte belang-

stelling in en prikkelende nadenke oor die bespreekte onderwerp, wat moet lei tot 'n deegliker kennis daarvan”.

(b) Colloquium:

In hierdie verband wil ondergetekende u versoek om weereens Artikel X van die reglement van Die Wapad te lees. Colloquium is nie dieselfde as „raadpleging van die S.R.” of 'n mondelinge gesprek met die massa nie. (Vergelyk ook enige standaard-woordeboek oor die klassieke betekenis van colloquium). Colloquium is 'n skriftelike antwoord van die aangevalde seksie in dieselfde uitgawe van Die Wapad as die waarin die aanval geloods is. Dat soiets moontlik was in die geval van die artikel van 13 Junie, kan moeilik betwyfel word. Dat dit geheel-en-al noodsaaklik was, glo ondergetekende egter nie. Dit sal wel miskien goed wees om liewers te veel van colloquium gebruik te maak as te min. Want dit is nog 'n belangrike beperking t.o.v. persvryheid: om te onthou dat meeste sake minstens twee kante het.

Ten slotte, mag ons altyd in ons midde hê mense wat waak teen die gee van foutiewe of eensydige inligting—maar ook teen die gevare van die oordrywing van gesag, ook deur die S.R.

T. van der Walt.

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.

Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.

Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

CORNER FRUIT STORE



„U KEN ONS!!”

OOSTHUIZEN Kole-agentskap.

Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.

vir al u

Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

J. HEIDEMA

Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)

☉ * ☉

Vir FIETSE.

Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot
Fietsmotors £39/-/-

Studente . . . !!

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 126 — Telefoon 497

Hier in die doodsnikke van die eerste semester . . .

sê die Studenteraad vir almal: Hou moed; sluk die laaste paar toetse af, want die nagereg kom wat 'n lekker verfrissende smaak in die mond sal laat. Dit is goed dat die vakansie weer daar is.

Vir die wat huis toe gaan somer maar net om te gaan rus: wees verseker dat die rus welverdiend is. Wees mooi soet en bou die kragte op vir die laaste skof. Ons hoop om u weer met stralende gesigte en ronde wange hier te sien.

Vir u wat stil en rustig gaan studeer: Vat dit kalm, maar ernstig. Kom terug met nuwe kennis, maar nie sonder nuwe liggaamskragte nie.

Vir u wat so 'n bietjie aanvulling by die sak wil laat geskied: sukses met die arbeid. Bedink somer so terloops, as u merk dat die geldjies inkom, hoe u op waardige wyse dit gaan laat vloei in die nabye toekoms, hetsy om u biblioteek uit te brei, hetsy om vir u sleepaktiwiteite nuwe fasiliteite te skep, ens., ens.

Vir u wat ambassadeurs gaan wees vir ons Universiteit in die buitewêreld: laat al u handeling tydens u onderskeie toere alleen die Puk se neem tot eer strek. Laat die gees mooi wees en mag u goed ondersteun word wat die finansiële sy betref.

Aan u almal: 'n BLINK VAKANSIE!

D. Postma.



COLLEGIUM MUSICUM BIED INTERESSANTE KONSERT

Die jongste musiekkonsert van die Collegium Musicum wat verlede Saterdagmiddag in die Totiussaal aangebied is, kan as geslaagd beskou word.

Die vooruitgang in samespel en toonkwaliteit wat die strykkorps van die konservatorium o.l.v. A. Wegelen maak is besonder verblydend. Dit was veral opvallend as mens hul aanbieding van Renaissance-musiek, (Pavane en Golliard van Phalaise en van Haussman) vergelyk met die weergawe van Stabat Mater van Pergolisi verlede jaar.

Die weergawe van die Motet van Marenze deur Sarie Serfontein-Theron was goed—'n uiters moeilike stuk wat suiwer en met goeie stembeheer gesing is. Die balans was nie te goed nie.

Die aantal duette uit „Am Fenster” van Ernst Frank met hulle volksliedagtige karakter was 'n hoogtepunt in die program. S. S. Theron en Mathil-

de du Plessis het op voortreflike wyse hierdie lieder vertolk. Ook die begeleiding deur Pieter de Villiers was baie simpatiek.

Die groot item van die aand was Bach se Koffiekantate, wat aangebied is in die vorm van 'n operette. Die orkesbegeleiding was bevredigend hoewel dit soms effens te sterk was vir die sangers Jaap Rossouw, Luther Backer en Karinie van der Merwe, wat Verteller, Slenterjan en Dogter resp. was, het hulle goed van taak gekwyd.

Die algemene gevoel is dat daar weer so'n mooi gevulde saal sal wees as die Koffiekantate weer aangebied sou word.



GEE ONS STABILITEIT!

Die Hoofredakteur,
Die Wapad,
P.U.

Geagte Meneer,

Ja, asof Die Wapad nie alreeds hol genoeg is nie, moet daar nou 'n gaatjie raai-raai ook bykom! Ek wonder of u besef dat u van baie van u lesers baie ekstra kraginspanning vra en hom dan nog boonop slapelose nagte besorg met die ekstra bekommernis dat daardie pond hom dalk net-net kan ontglip.

Maar alle grappies op 'n stokkie: Ek wil my werklik oor Die Wapad beklaag. Dit skyn my of Die Wapad ook al op loop gesit het met die idee van progressie wat ons hele land en al selfs ons studente teister. U beweeg heeltemal weg van die tradisies wat ek in die bewoë ou dae geken het. Ja, in daardie ou dae het ons ons Wapad lief gehad. Ons het daardie ou koerantjie, gedruk op 'n vaal stukkie papier, getroetel en weggebêre en die „Sotties” en die „Stel jou voors,” nog jare daarna herlees, herlag, en herkou.

Maar helaas is hierdie ou bekende en dierbare vorme in die laaste jare wreed vernietig. Eers kom die redaksie hier aan met so 'n krakende blink spogpapier dat mens bang is mens se vingers sal vaal merke maak as mens daaraan vat. Toe moes die opskrif op die voorblad weer in Eastermancolour gedoen word. En sedertdien is daar nog geen stabiliteit bereik nie. Telkens wanneer mens Die Wapad oopmaak, word mens oorrompел deur 'n duisternis nuwe indrukke: Die een keer gaan die voorbladopskrif oor twee kolomme, die volgende keer weer oor vier; die eenkeer lees ons ons sosiale nuus onder „Die Soeklig”, en die volgende keer moet ons ons weer dood soek na die kyse, om dit uiteindelik te vind onder „Die Maan het gebloos”; 'n wapentjie duik ewe onverwags en ongenooit bo die hoofartikel op. Selfs Cassawalli verdwyn gedurig en kom weer terug—en dan nog wel vol gaatjies! Nee, sulke wispelturigheid en veranderinge bring mens nêrens.

Dit is soos Jan Celliers se pampoen wat aldeur wil rank en geen ander doel dien as om die tuin toe te groei

nie. Ek wil u dringend versoek—en ek dink ek spreek na hart van elke leser—OM ONS STABILITEIT TE GEE.

Patriarg.

P.S. Ek het nog nie eens my brief voltooi nie—my woorde was as't ware nog nie eens koud nie—of siedaar: nuwe embleme vir die verskillende rubrieke, en . . . Cassawalli se gaatjies is sowaar al weer toegemaak.

[Ek verwys na „Van die Redaksie” in „Die Wapad” met die „nuwe embleme”. (Red.)]

WELWILLENDHEID TEENOR STUDENTEKOERANT.

Die volgende brief is van mnr. Erasmus Smit ontvang: „Hierby ingeslote vind u die bedrag van vyftien sjelings aan my as prys vir die regte beantwoording van Cassawalli se blokkiesraaisel. Ek is nie ryk nie—ek is ook maar arm, simpel student vir wie 'n sikspens net so na aan die hart lê soos sy ma se spens. Maar ek sien graag dat u hierdie bedrag terug ontvang en na die beste van u oordeel gebruik vir die uitbreiding van u blad, omdat ek miskien meer as enigiemand anders weet met watter finansiële probleme u te doen het. Ek is nie so voorbarig om te dink dat die bedrag die wêreld kan versit nie, maar dit mag 'n druppel wees om die emmer verder te vul, of anders, beskou dit as 'n gebaar van vriendelike bereidwilligheid en simpatieke ondersteuning teenoor u.”

[Aan mnr. Smit ons opregte dank vir hierdie besondere voorbeeld van welwillendheid teenoor die Studentekoerant. (Red.)]

PUKKIES!! SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE BESOEK: KOLLEGE

O PUKKIES!!
N VIR:
T • TOILETWARE
A • SKOONHEIDS-
N MIDDELE
T • SKRYFBEHOEFTE
W • VULPENNE
I • HORLOSIES
N • EETWARE en alle
K • STUDENTE-
E BENODIGHEDE.
L

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrats.



(Foto: A. Myburg.)

Vier Tokke nadat hul gevaarlike wapens (tande) gekonfiskeer is.

Tokkelokke berei hul voor vir APTEKERS

HAMABDIËL (TOKKELOKKE SE NASIONALE SPORT)

VERWEK GROOT OPSPRAAK.

Op Dinsdag 18 Junie het die jaarlikse skeiding tussen TOKKE en LOKKE plaasgevind.

Sy Ed. PRIMUS (met 'n hardekop) VOLPLOOIE, die Burgemeester van TEL AWOMAN, bygestaan deur Haar Lydiesship, Miesies JAPIE VOLPLOOIE, het die geleentheid geopen met 'n onstigtelike woordjie op wieke van die wind. Hy het veral gewag gemaak van die goeie gees wat daar nie na afloop van die MABDIËL (wedstryd) gaan heers nie.

Hierna het die Tokke en die Lokke beurtelings teen die WIND gespeel (terwyl die ander span toekyk hoe die een span die wind opdraand gee). Die reuse skare van vyf mense (bobbjane en ander bosreuse is nie ingereken nie) het die kragmeting met die wind baie geniet.

Spelers wat veral uitgeblink het was KONSTI TUSIE van der BOS tot TJAART. Hy het die wind tweekeer „gesidestep” om die bal agter die doel-

lyn te plant (sonder dat dit groei). Tokkie die Lokkie het 'n straf drie langs die pale gedruk.

Aan die Tokke se kant het BERT GESTER met 'n mooi vervyfskop geslaag nadat IEMAND 'n drie gedruk het. Puil de Braun het ook die veld pragtig vol gehardloop sonder om iemand te „tackel”.

Die Lokke het 12 punte teen die wind aangeteken, terwyl die Tokke net 5 kon behaal. Die Lokke het dus die subtiële klein bekertjie gewen, wat deur die REKTORALE GADE aan hulle Kêppie WARIE V.D. ALT oorhandig is.

Na hierdie opknappertjie teen die wind sal dit snaaks wees om te sien hoe die Lokke en Tokke (saam) die APE en TEKERS (saam) gaan opfrommel.

Vier bekende persoonlikhede à la Hasie en Skilpad.

Cassawali het baie eensaam gevoel in sy sonnige lêplekkie bo die Groot Raad, omdat almal deesdae net probeer om die proffies te imponeer met „spot”-vrae, sodat hy naderhand, toe die verlange na moederliefde vir hom te veel geword het, hom na RETHA in Kulu gewend het. Sy het onmiddellik sy gemoedstoestand begryp en begin om 'n storie te vertel:

„Maak eers jou mond wyd oop, haal diep asem en ontspan . . . so ja! Nou, in die eerste versie beeld ons uit met die korrekte toonproduksie, klankna-bootsing en ritme, die stadige gelykmattige stap van ou skilpad! Onthou altyd, Cassawali, ou skilpad is 'n sagte, slim diertjie, al lyk hy soms kwaad en vreemd met sy harde doppie. Sy ogies is vriendelik en glinsterend en sy stemmetjie soet. Daar het jy nou die beeld van skilpad, maar Cassawali, gaan jy nou na JURIE toe, hy sal jou vertel van hasie, want Christie wag en ons moet gaan koor oefen, en jy weet mos hoe besig is ek!

Ag, Cassawali voel al ente beter en hy haas hom na die oom van wie hy so baie hou, wat altyd vir hom sê: „hallo ou fan”, en wat saam met F. W. in die konsert speel. „Cassawali, het jy al 'n haas gesien, want anders sal ek jou eers moet verduidelik hoe hy lyk. In elk geval, hy is 'n kunstige en haastige diertjie met spits ore en 'n gedraaide snorbaard en hy kom nooit laat op 'n plek nie. Hy is lief vir sy medediere en besonder goed met moderne tuisgatemebulering. Maar loop tog nou asseblief, Cassawali, gaan na Vader TJAART toe, hy sal jou verder van die twee vertel.

Cassawali voel dat hy, as hy nog bietjie vaderliefde ook bykry, sommer opnuut sal lus hê om vir die doortjies te gluur, veral in die kerk. Vader Tjaart gee onmiddellik ewe gaaf vir

Cassawali 'n opsomming van sy siening betreffende die komende resies, ener-syds tussen die afrikaanssprekende Skilpad en andersyds die engelsprekende Haas. Die skeidsregters sal glo wees die onpartydige Besoekers uit Nederland en 'n Afrikaanse Studente-opsomming sal verstrek word deur die President. Verder hoor Cassawali dat 'n beroep van studenteraadswêë op al die diere gedoen is om die wedstryd by te woon. Daar sal egter vooraf 'n simposium gehou word om die moontlikhede van die uitslag van die wedstryd te bespreek. Vader Tjaart het deesdae behalwe preekmaak en Groot Raad-bedrywighede ook nog pligte om na te kom in die film-wêreld en daarom versoek hy Cassawali om te verkas.

Die wedstryd is verby . . . Cassawali sit met oop mond en luister na wat ANDRÉ, die steunpunt van die U.O.D.'s te verhaal het oor wat nou eintlik met Hasie gebeur het sodat hy nie die wedstryd gewen het nie. Hy was naamlik 'n regte „haas” want op die pad het hy hom laat verlei deur 'n oulike dassie met liefste bruin ogies en hare. Die ontnugtering was wreed: „. . . die rustige genotvolle verbum „sleep” word tot skreiende fortissimo omskep en verskerp toe die selfstandige naamwoord „skilpad” iewers gebesig is”!

Cassawali sê „cheers”, en kom vertel tog asseblief alles van die vakansierommanse!

DIE MAAN HET GEBLOOS . . .

Die maan hoef in die laaste tyd nie eers meer te bloos nie, sy gesig is sommer vanself so rooi, veral sy neusie, as hy dit waag om in hierdie koue weer sy kop uit te steek.

Ida van Vuuren haak toe jou waarlik af en kys met Sarel Pretorius, terwyl Magdaleen Bekker en Willem Otto kort op hulle hakke volg. Dit was nou wel nie 'n „Gold Rush” nie, maar verlede jaar se kampioene het nog gladnie die kuns verloor nie.

'n Jong vlinder gaan blykbaar binnekort haar vlerkies verbrand. Die kers? Tjaart van der Walt. Die vlindertjie? Vir oningeligdes: Santa Louw.

Bussie Bothma en Lettie Coetzee het in die afgelope tyd sulke sterre in

hulle oë, dat dit mens laat wonder, maar hulle wil niks beken nie, ten spyte van die feit dat Lettie die hele tyd langs Ansa, wat seker maar nie anders gevoel het nie, gesit het en met toe oë na die wedstryd teen Pote gekyk het. So van die gedenkwaardige wedstryd teen Pote gepraat, ons manne voel baie sleg dat 'n bietjie koue die dames hulle plig en plesier van ondersteuning so maklik kon ontnem. Die Pote-dames het skynbaar nie so koud gekry nie.

Terwyl dit deesdae so koud is, kan voornemende sleepers gerus sleeptyd in die Bib. deurbring en Cassawali se vasvra probeer oplos, of wat praat ek alles?

ANTWOORDE VAN VERLEDE KEER SE VRAE.

1. Musendam-skiereiland in Persiese golf.
2. Hendrik 1.

4. Tsjeggo-Slowakye.
5. Van die pers slak wat in die noorde van die land aangetref word.
3. Inwendige verbranding.
(Geen korrekte antwoord is ontvang nie.)

Voorspelers wen Theos Pukkies

In 'n tipiese botsing tussen bittereinders het die Swartetjies daarin geslaag om Theos 13—9 die loef af te steek.

Min kans is gegun vir oop rugby en oorgretigheid aan albei kante het gelei tot 'n menigte strafskoppe waarvan baie min geslaag het. Dannhauser kon maar net nie die skopskoene aantrek nie.

Maar die eintlike teleurstelling het gekom van Theos se voorspelers. Alhoewel hulle 'n stewige klomp is met 'n Wes-Transvaalvoorstry en twee groot slotte wat P.O.K. telkens van die merk afgestoot het, kon hulle net nie saamspeel nie. Keer op keer het die P.O.K. soos een man deurgebreek en Fourie, die skrumskakel, het swaar gelei onder die kastyding.

Van der Schyff en Human, Wes-Transvaal se senter en vleuel, het egter hul sout verdien. Van der Schyff het mooi gebreek en een breekslag het dan ook op 'n drie (deur Human) uitge-loop. Daarna het Human weereens agter die doellyn gaan kuier. Leon Thom

se stewige verdediging en aanvalle verdien ook aandag. Hy het dan ook die laaste drie gedruk. Geeneen van hierdie drieë is vervyf nie.

NAVY:

Met lewendige spel het Navy daarin geslaag om P.O.K. 9—0 te wen. Dit was veral 'n goeie voorbeeld van wat uitstekende samespel aan 'n span kan doen.

Hoogenboezem en Huyser het elk 'n drie gedruk en Maarten van der Walt het 'n strafskop oorgesit.

FIRES:

Min oefening en baie steune het gemaak dat Fires 18—5 verloor. Talent is daar oorgenoeg, maar die slyping van dié diamante is nog nie in alle erns oorweeg nie.

Oeschger het die enigste drie gedruk en ook vervyf.

rook die pyp in Korfbal.

Wat die vriendskaplike wedstryde betref, het die eerste sowel as die tweede span daarin geslaag om eers vir Gimmies en daarna vir Strathvaal oor-tuigend te wen. Die Pukke het in albei wedstryde besonder goed vertoon —veral die doele.

Wat ligawedstryde betref, het die

P.U. I daarin geslaag om Potch.Dorp I in 'n baie aanskoulike wedstryd met 43—28 doele te klop. Die Pukke het mooi saamspeel en die gees wat ge-heers het, was bevorderend vir die spel.

Op 31 Mei is die volgende dames gekies vir die Wes-Transvaal span: S. du Plooy, C. Scheepers, B. Krüger.

Eerse span teen Benoudes.

Die geesdrif het hoog gevlam toe die eerste span die Benoudes uitgedaag het om kragte te meet. Dit was 'n aangename en opwindende wedstryd wat gekenmerk is deur 'n tipiese studentegees. Die eerste span het 'n oor-tuigende oorwinning behaal, maar die Benoudes het die wêreld vir hul teen-standers moeilik gemaak. Elize Louw

het skitterend gespeel en die meeste punte aangeteken

Ongelukkig is die afgelope paar wedstryde gekanselleer weens gebrek aan vervoermiddels. Ons hoop darem om vir die teleurstellings te vergoed deur vir die teenstanders in die vervolg 'n doring in die vlees te wees.

DIE BULT Algemene Handelaar

Von Wiellighstraat 46,

Foon 2025.

KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-
ONDERDELE

ALLES NUUT!!
Van 'n nuwe uitbreiding
tot 'n nuwe FIETS.

Kom na
PARK
Fietswinkel

(F. F. TRANTER)

H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate
TELEFOON 995.

Studentevaria.

Op 17 Julie word die hele program van studentevaria aan die Puk. gewy. Luister gerus, Pukke. Die Alabama en Koor tree o.a. op.

Tot groot verligting van Patriarg en ander dusdenkendes, het die Redaksie besluit om maar Cas-sawali se blokkiesraaisel en vas-vra te laat vaar. Die rede: te onbetalend weens gebrek aan belangstelling deur die Pukke.

Ons hoop dat die lesers ge-bruik sal maak van die persoon-like advertensiekolom. Dink net aan die onontbeerlikheid van reklame vir die hedendaagse sa-melewing!

Geniet die Meesterstuk ...in die Meester Grootte



Rembrandt
MEESTERS
FILTER DE LUXE

DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kopiereg

RMFA 5